## GESKIEDENIS OP DIE DRUMPEL: IN OF UIT

Die Amerikaners maak deesdae Geskiedenis nie alleen met hulle duiselingwekkende ruimtevlugte en intense voorbereidings om 'n man op die maan te laat land nie, maar veral deur hulle volgehoue nugtere koers om Geskiedenis 'n verpligte vak vanaf graad 1 tot by st. 10 in al hulle skole in al die state van Amerika te maak. Dit het prof dr. F. A. van Jaarsveld by herhaling aan die drie groepe Geskiedenisonderwysers(esse) meegedeel wat die oriënteringskursus in April vanjaar in Pretoria bygewoon het. Hy het 'n studie van die saak gemaak toe hy onlangs in Amerika was.

Daardie onderwyskoers is die werk en beplanning van bevoegde mense, patriotte, manne en vroue van woord en daad. Hulle lê die fondamentstene van die Amerikaanse volk heg, sterk en sekuur om die donderslae van atoombomaanvalle van die moderne vyande van hulle vaderland te weerstaan en te oorlewe. Die mense is daarvan oortuig dat Geskiedenis die volk sterk en nasiebewus maak want hulle weet waar hulle vandaan kom, wat hulle vandag beteken en watter koers hulle moet inslaan om 'n bepaalde doelstelling te bereik. Die volk se Geskiedenis is binne in hulle skole en in die harte van elke ware burger(es).

Wat is die toestand vandag in die jong Republiek van Suid-Afrika?

Net in een provinsie is Geskiedenis in alle goewermentskole 'n verpligte vak tot by st. 8 en in nie een van die provinsies is dit 'n verpligte vak tot by st. 10 nie. Daar is egter individuele skole wat dit wel 'n verpligte vak tot by st. 10 of Matriek maak sonder om die studiekoers van die leerlinge daardeur aan die universiteit of kollege te belemmer en sonder om die ouers in die harnas teen die skool te ja.

Ons hoef nie oor hierdie saak in besonderhede te tree nie, maar kan net een situasie meld waar daar in 'n groot semi-plattelandsemyndorp drie groot hoërskole is met 'n leerlingtal van elkeen van 800-900. In die Engelsmediumhoërskool was en is Geskiedenis nog 'n verpligte vak tot by st. 10 of Matriek sonder een druipeling in die bepaalde jaar van hierdie observasie, terwyl by die twee Afrikaansmediumhoërskole 12% van die matrikulante by die een en by die ander 15% Geskiedenis vir die eindeksamen aangebied het.

Die toestand van Geskiedenis in die goewermentskole in ons Republiek word baie duidelik weerspieël in die statistiek wat van die verskillende Onderwysdepartemente ontvang is. Die volgende persentasie leerlinge het Geskiedenis as 'n matriekvak in die verskillende jare aangebied.

| | 1953 | 1966 | 1967 |
|---|---|---|---|
| Transvaal ... ... ... ... ... ... ... ... | 63.6 | 47.6 | 50 |
| Kaapland ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 66.1 | 53 | 53.9 |
| Oranje-Vrystaat ... ... ... ... ... ... | 74.8 | 42.8 | 42.2 |
| Natal ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 47.3 | 43.9 | 44.5 |

Die volgende persentasies toon die matrikulante van Afrikaansmediumhoërskole wat in 1966 Geskiedenis as eksamenvak aangebied het.

| | |
|---|---|
| Transvaal ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 38.7% |
| Kaapland ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 52.5% |
| Oranje-Vrystaat ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 46.8% |
| Natal ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 25 % |

Die getal kandidate en die persentasie wat Geskiedenis as 'n eksamenvak in Desember 1968 aangebied het, word as volg aangedui vir Blankes.

Transvaal:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Univ. toelating ... | 7114 | Gesk. kandidate ... ... ... | 2801 |
| Eindeksamen ... ... | 5899 | Gesk. kandidate ... ... ... | 2741 |
| Totaal | 13013 | Totaal | 5542 |
| | | | 42% |

Kaapland:

| | |
|---|---|
| Totale getal Matrikulante ... | 9272 |
| Getal wat Geskiedenis neem | 4830 |
| | 52% |

Oranje-Vrystaat:

| | |
|---|---|
| Totale getal Matrikulante ... | 2622 |
| Getal wat Geskiedenis neem | 1092 |
| | 41% |

Natal:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Gevorderde Graad . | 2664 | Gesk. kandidate ... ... ... | 1384 |
| Gewone Graad ... . | 1105 | Gesk. kandidate ... ... ... | 156 |
| Totaal | 3769 | Totaal | 1540 |

Dit is vergelykenderwyse interessant en betekenisvol om op te merk hoeveel leerlinge van Nie-Blanke skole Geskiedenis as 'n eksamenvak vir die st. 10 of Matriekeksamen aanbied. Dit is noodsaaklik dat Blankes van die Persentasies kennis neem.

| | 1965 | 1969 |
|---|---|---|
| Kleurlinge ... ... ... ... ... ... ... | 64.5% | 59.9% |
| Indiërs ... ... ... ... ... ... ... ... | 66.7% | 68.3% |
| Bantoes ... ... ... ... ... ... ... ... | 58.1% | 76.3% |

Dit is dus duidelik dat Geskiedenis in sover as die belangstelling van st. 9- en 10-leerlinge as maatstaf geneem kan word, in die skole van ons Republiek kwyn en op die drumpel staan om uit ons hoërskole se senior klasse in 'n uitwaartse koers te beweeg.

As Geskiedenis saam met Godsdiens en die Moedertaal die drie fondamentstene van 'n volk vorm, soos die Transvaalse Direkteur van Onderwys dit onomwonde en in 'n duidelike taal in sy openingsrede by die oriënteringskursus vir hoërskole op 14 April in Pretoria gestel het, dan is hierdie uitwaartse beweging 'n uiters ernstige en lewenstergende saak vir die Afrikanervolk. En as dit fundamentele vormende waarde vir elke individu en landsburger het, wat nie alleen deur historici en opvoedkundiges aanvaar en gepropageer word nie, maar ook deur vooraanstaande leiers soos drr. Anton Rupert, F. P. Jacobsz, P. E. Rousseau, G. S. J. Kuschke e.a. op die handels- en nywerheidsterreine beklemtoon word, dan het dit seker hoog tyd geword dat nie alleen Provinsiale Onderwysowerhede drasties in belang van die volksvorming, volksidentiteit en volksveiligheid en die voortbestaan van die Republiek van Suid-Afrika, optree nie, maar dat die Sentrale Regering, in belang van die volwasse en jeugdige burgers (esse) van ons sonnige Suiderland, deur wetgewing Geskiedenis 'n veilige plek in alle skole ten minste tot st. 8 sal verseker en dat alle pogings deur studie of wetgewing verseker word dat hierdie belangrike vormingsvak geleidelik deur alle leerlinge tot by die st. 10 en matriekvlak geneem sal kan word.

Daar word beweer dat hierdie netelige situasie omtrent Geskiedenis nie deur wetgewing reggestel kan word nie, maar dat die toestand verbeter kan word deur beter metodes van onderrig aan te wend, en dat onderwysers(esse) met besieling en oortuiging voor die klasse moet optree. Daar word ook nog meer positiewe wenke van dié aard aan die hand gedoen. Dergelike advies is goed en reg en mag in enkele skole waar die hoof en die lesrooster-beplanners hierdie vak die nodige aandag gee, die gewenste uitwerking hê en meer matrikulante die vak laat neem. Dit kan egter betwyfel word as die aan-

geleentheid realisties oorweeg word. Solank daar op so 'n manier geredeneer word, bly die toestand onbevredigend en gevaarlik en word die persentasie matrikulante wat Geskiedenis neem, elke jaar minder.

In baie skole en seker ook die meeste skole word die vakkeuse so gereël dat 'n aansienlike getal belangstellende leerlinge nie Geskiedenis kan neem nie. Daarby moet nog die vakvereistes van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad genoem word met die indeling van die vakke in vier groepe om veral Wiskunde en die Natuurwetenskappe te verskans. Dit moet egter hier vermeld word dat tydens 'n terloopse nie-amptelike samespreking met drie lede van die Matriekraad een dit onomwonde gestel het dat die fout by die Provinsiale Onderwysdepartemente gesoek moet word en dat die G.M.R. nie die sondebok vir die dalende belangstelling in Geskiedenis is nie.

Die huidige tendens omtrent die vakstudies in die wêreld toon dat wiskunde en die natuurwetenskappe die grootste belangstelling en beklemtoning geniet en dat die waarde van die Geesteswetenskappe op die agtergrond geskuif word. Geskiedenis word ook in die skadu gestel met die goed toegeruste laboratoriums en hulpmiddels van die Natuurwetenskappe en uitrusting vir die handelsvakke.

Daar is ook nog die laakbare optrede waar openlik teen Geskiedenis propaganda gemaak word as 'n vak wat geen kommersiële of brood-en-botter waarde het nie.

Die gebrek aan voldoende goed opgeleide Geskiedenisonderwysers is 'n wesentlike oorsaak vir die dalende belangstelling in hierdie belangrike vormingsvak. Dit geld vir die hoërskool sowel as vir die laerskool. Die leerlinge kry nie die werklike interessante pitkos nie sodat hulle belangstelling in die vak kwyn en hulle nie na die geskiedenisstudie en boeke „getrek" word nie. En tog hou elke kind van 'n storie en Geskiedenis is 'n interessante verhaal van die volk en die volkere van die wêreld.

Daar kan nog veel meer oorsake en toestande vermeld word wat vir die kwynende belangstelling in Geskiedenis by senior leerlinge verantwoordelik is. Die voorgaande opmerkings gee egter genoegsame aanduidings dat Geskiedenis oor die drumpel van die hoërskole na buite uitgedruk word.

Die eienaardige en diep tragiese verskynsel kan egter nie deurgrond of verklaar word nie, dat so baie instansies in verantwoordelike situasies, almal erken dat Geskiedenis 'n belangrike en waardevolle vormingsvak is, maar dit wil voorkom asof hulle nie bereid is om daadwerklik op te tree om die studie van hierdie vak deur alle matrikulante te verseker nie.

Mag die dag spoedig aanbreek dat daar in hierdie tyd van na-

sionale beplanning van die volksopvoeding en skoolonderwys, deur studie en andersins, die oortuiging kan groei en aanvaar word dat Geskiedenis onmiddellik in ons hele Republiek 'n verpligte vak tot by st. 8 gemaak sal word, met die duidelike koers om dit deur die hoogste owerhede ook tot by st. 10 verpligtend te maak. Die versteweging, behoud en voortbestaan van die Republiek van Suid-Afrika vereis so 'n sterk positiewe daad.

Dr. J. J. van Tonder.

## JAARVERGADERING VAN DIE HISTORIESE GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

Die jaarvergadering van die *Historiese Genootskap* (Transvaalse Afdeling) word op 10 en 11 Oktober op Springs gehou.

Vrydagaand sal daar 'n saamtrek in die Stadsaal wees waar groot groepe volwassenes en leerlinge aan sang- en praatkore sal deelneem terwyl historiese tablo's aangebied sal word. Prof. dr. F. J. du T. Spies sal dié aand 'n toespraak lewer.

Die program van Saterdagoggend maak o.a. ook voorsiening vir twee toesprake waarvan een deur prof. dr. F. A. van Jaarsveld gelewer sal word.

'n Uitstalling van oudhede word beplan.

Daar sal 'n gedenkteken onthul word om President Kruger se verbintenis met Springs aan te dui.

Die Edelagbare Burgemeester en die Stadsraad se samewerking, is aan die plaaslike komitee toegesê.

## GESKIEDENISKONFERENSIE EN FEDERALE HOOFBESTUURSVERGADERING

Daar word op Stellenbosch 'n konferensie oor Geskiedenis georganiseer wat op 19 en 20 September sal plaasvind.

Die Federale Hoofbestuursvergadering sal by die geleentheid gehou word.

Tydens die byeenkoms sal daar ook hulde aan prof. dr. H. B. Thom as historikus en kultuurleier gebring word.